

...aap FORUM geadverteer vir besware. Besware moet gerig word aan die munisipale bestuurder en by die munisipale kantore op Riversdal ingedien word voor of op Vrydag, 24 Mei om 12:00.

**Projekte wat die raad met die lening**

lyf (R300 000) en die opgradering van sandfilter (R300 000).

**CFO lewer kommentaar oor proses**  
**Suid-Kaap FORUM** het gaan kers opsteek by me. Lien Viljoen (CFO, Hessequa munisipaliteit) rakende die proses wat

opneem van 'n eksterne lening in tème van paragraaf 46 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, Wet no. 56 van 2003, asook Artikel 21(a) van die Munisipale Stelselwet".

of network (R1  
 sure water line  
 filter (R300 00  
 reach the mun  
 Friday, 4 May

# Brandweerman van die jaar



Elroy Esau met sy trofee as brandweerman van die jaar en Charl Wade (SCFPA bestuurder).

**RIVERSDAL - Elroy Esau van die 'Rivers Hot Shots' - 'Working on Fire' (WoF)-span van Riversdal is tydens Internasionale Brandweerman dag op Saterdag, 4 Mei aangewys as die 'Brandweerman van die jaar'.**

Brandweerpersoneel waag daaglik hulle lewens met brandbestryding, motorongelukke, chemiese- en natuurlike rampe om sodoende plaaslike inwoners en hul eiendom te beskerm. Die amptelike brandseisoen het op 30 April gesluit, alhoewel die span van Riversdal regdeur die jaar brandbestryding doen.

'n Private donateur van Jongensfontein het 'n borgskap van

'n trofee vir die brandweerman van die jaar geskenk waarna die WoF-span bymekaar gekom het en elkeen sy kandidaat genomineer het.

Alhoewel dit 'n moeilike stemming was om slegs een personeelid uit te sonder is die stemme getel met Elroy as wenner. Die oggend is afgesluit met 'n gesellige braai, maar was van korte duur toe die een helfte van die span uitgeroep is na 'n onbeheerde brand naby Vermaaklikheid, en soos gewoonlik het die span, die keer met 'n bord in die hand dadelik op die brandweertrok geklim om die vuur te gaan beveg.

# Anna-Marie verloor stryd teen kanker



Wyle Anna-Marie Marais.

**RIVERSDAL - 'n Groot gees van SPAR en Heidelberg het haar stryd op Vrydag, 26 April teen kanker verloor.**

Anna-Marie Marais het in 1980 by Heidelberg SPAR begin werk terwyl dit nog onder die bestuur van Jannie en Lorraine Groenewald was. Sy was verantwoordelik vir meeste van die administrasie en boekhouding en haar harde werk en toewyding het vinnig gewys dat sy 'n aanwinst vir die span is.

Die deure van Riversdal SPAR is in September 1985 geopen en Anna-Marie het nie weggeskram van die addisionele verantwoordelikhede wat dit meegebring het nie. In 2002 is die eienaar Tony Thackray skielik oorlede en André van Wyk het beide winkels oorgeneem. Hy het egter haar waarde raakgesien en Anna-Marie het die geleentheid gehad om aandeel te neem. Haar betrokkenheid by die groep het in 2007 'n derde winkel, Stilbaai SPAR, onder haar admini-

strasie geplaas. Weereens het sy die geleentheid met albei hande aangegryp en die pad Stilbaai toe menigmaal saam met Jannie en Lorraine gery. Anna-Marie is in Junie 2010 met kanker gediagnoseer. Sy het die laaste paar jaar die stryd teen die siekte met dieselfde ywer aangepak en braaf gestaan in al die uitdagings wat dit haar gebring het. Sy sal gemis word in die SPAR-groep vir haar onwrikbare loyaliteit teenoor haar kollegas, haar wonderlike sin vir humor en haar vrygewigheid teenoor haar medemens.

Heidelberg onthou haar as 'n legende, 'n vrou wie se liefde vir die lewe aansteeklik was, altyd die vriendelike gesig wat die dorp in SPAR kon raakloop vir 'n lekker lag en gesels en omgee.

Haar heengaan laat 'n leemte in baie mense se lewens. SPAR se gebede gaan uit na haar man Louis, kinders Marius, Colette, Elmarie en Martin en kleinkinders Wian en Leila.

## BOTTERKLOOF

### U DROOM TROUW

- 80 Gaste
- 1 Nag Akkommodasie ingesluit
- 3 Gang Maaltyd
- Beside-Dehensies

## STILBAAI DEEPCUT

JC Le Roux All Variety 750ml

**42<sup>95</sup>**

Strawberry Lips Liqueur 750ml

**94<sup>95</sup>**

1659 Red/White Wine 750ml